# BUITEKERKLIKHEID

## INLEIDING

Buitekerklikheid is 'n baie wye begrip en kan derhalwe maklik aanleiding gee tot die verkeerde plasing van mense ten opsigte van hulle kerksheid. Kerkvervreemding en buitekerklikheid is nie dieselfde nie, dog sekere gedragwyses en redenasies wat eie is aan die buitekerklike word ook alreeds by die kerkvervreemde aangetref. Miskien kan beide groepe as onkerks bestempel word in die sin dat beide groepe die kerk negatief gesind is — die een weliswaar in meerdere mate as die ander. Gevolglik lyk dit die aangewese weg te wees om die onkerkse mense in twee hoofkategorieë in te deel, naamlik die kerkvervreemde en die buitekerklik.

Die kerkvervreemde kan ingedeel word in verskillende grade van vervreemding te wete :

(a) Diegene wat gereeld die sakramentsbedienings, naamlik Nagmaal en Doop bywoon. Laasgenoemde sakrament word bygewoon wanneer hulle self 'n kind het om te doop, of wanneer 'n familielid of 'n bekende 'n kind ten doop hou, dog eintlik nooit terwille van die sakrament as sodanig nie. Ofskoon een of twee eredienste tussen die nagmaalgeleentheid miskien ook nog bygewoon mag word, hou hierdie groep hulle gewoonlik streng by hulle gewoonte om slegs sakramentsbedienings by te woon.

(b) Diegene wat op enkele uitsonderings na nóg die eredienste bywoon. Hulle doen dit gewoonlik wanneer hulle „so voel" en hulle voel maar selde so.

(c) Diegene wat nooit 'n voet in die kerk sit nie, maar tog nie onwillig is om hulle geldelike bydraes aan die kerk te gee nie. Hulle is nietemin altyd krities-begaan oor besluite wat in die kerk geneem word en is veral toornig wanneer sogenaamde „nuwighede" ingevoer word.

Die buitekerklike behoort egter glad nie tot die kerk nie. Dit mag wees dat hy nog nooit lidmaat van die kerk was nie, of sy lidmaatskap opgesê het weens een of ander rede. Die kerkvervreemde daarenteen, is offisieel nog lidmaat van die kerk, hoewel nie funksioneel nie.

## OMVANG VAN DIE PROBLEEM

Die omvang van die probleem is nie te onderskat nie. Om dit kwantitatief voor te stel, word kortliks verwys na die volgende statistieke:

(a) Ds. Alheit (1955, p. 637) beweer dat in die Kaapse Kerk die gemiddelde bywoning van die oggenddienste op 30 persent, en die van die aanddienste op die helfte minder bereken kan word.

(b) Ds. Smuts (1956, p. 599-500) verstrek dieselfde syfers ten opsigte van die kerkbywoning van 'n aantal N.G. gemeentes in Pretoria.

(c) Dr. J. I. de Wet (1960, p. 2) stel die gemiddelde persentasie kerkbywoning vir twee eredienste per Sondag op 19 persent in 'n aantal Randse gemeentes van die Ned. Herv. Kerk. Daarenteen beloop die Nagmaalsbywoning 36 persent en hy skat dat 61 persent van die ouers wat hulle kinders in die kerk kom doop, nie verder die eredienste bywoon nie, terwyl 'n verdere 20 persent dit slegs sporadies bywoon.

(d) Dr. Carstens (1961, p. 436) het in Johannesburg gevind dat in 'n gebied met 185 besoekpunte, die bewoners van 98 besoekpunte kerkvervreemdes was.

(e) Dr. A. J. G. Dreyer (1964, p. 21) toon aan dat gedurende 1961 tot 1962 8,472 jongmense belydenis van geloof afgelê het, terwyl die kerklike statistiek slegs 'n toename van 1500 lidmate vir die tydperk toon.

(f) In die Gereformeerde Kerk maar 'n kommissie (1956, p. 7) die bewering „dat die kerklike besef by Gereformeerde lidmate in die algemeen tot 'n ontstellend mate verflou het, en selfs waar dit nog bestaan, is dit dikwels baie oppervlakkig; ja, tot so 'n mate dat die voortbestaan van ons kerk daardeur in gedrang kom".

(g) 'n **Ad hoc** komitee van die Nederduitsch Hervormde Kerk (1964, p. 5) rapporteer aan die hand van die staatsensus van 1960 dat:

   (1) 172,832 Afrikaanssprekendes nie tot die Afrikaanse Kerke behoort nie. Ofskoon Afrikaanssprekendes ook tot die Engelse kerke behoort, is hierdie komitee tog van mening dat die grootste gedeelte van bogenoemde getal tot die sektes behoort.

   (2) Die getal buitekerklikes van 24,000 in 1946 vermeerder het tot 44,000 in 1960.

Uit die voorafgaande blyk dat die omvang van die probleem groot is, dog eweneens is dit duidelik dat die omvang steeds groter word soos afgelei kan word uit die steeds stygende getalle.

Dit is egter nie net 'n kwantitatiewe toename van die probleem nie, maar ook 'n kwalitatiewe toename in die lig van die feit dat die getal buitekerklikes in die loop van 14 jaar met 20,000 vermeerder het.

Reeds in 1958 het professor G. Brillenburg Wurth hierdie tendens voorspel. Tydens sy besoek aan Suid-Afrika het hy gesê dat hy duidelike tekens van kerklosheid, onkunde en onverskilligheid hier te lande waarneem, maar dat hier tog nog 'n kerklike tradisie heers en nie 'n openlike kerklosheid soos in Nederland nie. Hy het egter verder daarop gewys dat Suid-Afrika wel deeglik rekening moet hou met die gevaar van algehele kerklosheid, want 25 jaar gelede was die toestand in Nederland soos dit vandag in Suid-Afrika is.

## DIE AARD VAN DIE PROBLEEM

Die probleem van kerkvervreemding en buitekerklikheid bestaan daarin dat die kerklidmaat sy verbondenheid met die Kerk van Christus nie meer as belangrik ag nie, dit ignoreer of heeltemal opsê; of dat die persoon wat nog nooit lidmaat van die Kerk was nie, ook geen begeerte het om dit ooit te wees nie. Die band met die kerk word dus slap of dit verdwyn heeltemal. Met ander woorde die kommunikasie tussen persoon en kerk word verbreek, of dit kan nie tot stand gebring word nie. Waar daar nie kommunikasie bestaan nie, bestaan daar natuurlik ook geen gespreksmoontlikheid nie. Gevolglik dryf die twee partye uitmekaar. Die paaie kruis. Elkeen gaan sy eie weg.

Of hierdie vervreemding tussen kerk en lidmaat op die vertikale of op die horisontale vlak begin, is moeilik om te sê. Dit kan in eerste instansie op die vertikale vlak begin, naamlik as 'n veragtering in die geloof en dat dit dan deurwerk na die horisontale vlak, dit wil sê as 'n vervreemding tussen die mens en sy medemens. Aan die anderkant is dit ook moontlik dat dit juis kan begin as 'n vervreemding op die interpersoonlike niveau en dan voortgaan na die vertikale vlak. Dit is egter nie noodwendig so dat 'n horisontale vervreemding juis moet eindig op die vertikale vlak nie, want daar is tog ook buitekerklikes wat wel gelowig is, net soos wat daar ongelowiges is wat kerklik is.

## OORSAKE VAN DIE PROBLEEM

Om kerk toe te gaan of om van die kerk af weg te bly, is 'n vorm van menslike gedrag en word derhalwe gemotiveer in terme van die persoon se verlede, hede en toekoms. So gesien

moet sy kerkgang beskou word teen die agtergrond waarteen hy groot geword het (verlede), sy huidige omgewing in die vorm van huisgesin, skool en kerk (hede) asook met betrekking tot sy behoeftes, belangstellings, waardes en doelstellings (toekoms). Temidde van dit alles egter, is dit nog altyd 'n persoon met 'n eie en unieke persoonlikheid wat op uitwendige en inwendige prikkels reageer op 'n wyse wat eie is aan homself. Word daar nou gesoek na die oorsaak of oorsake van die probleem, staan mens eintlik verleë oor die antwoord, want daar is nie skerp omlynde en geïsoleerde oorsake aan te dui nie. Die probleem is naamlik multidimensioneel.

Kerkvervreemding en buitekerklikheid kan naamlik veroorsaak word deur 'n verkeerde reaksie deur die lidmaat op prikkels wat van die kerklike ampsdraers uitgaan — 'n verkeerde reaksie as gevolg van 'n wanbegrip van die ware wese en funksie van die Kerk van Jesus Christus. Andersyds mag dit veroorsaak word deur verkeerde handelwyses aan die kant van die kerklike ampsdraers wat nie toereikende kennis besit van die mens as psigologiese entiteit wat handelend optree in 'n bepaalde omgewing onder bepaalde omstandighede nie.

Die oorsaak mag ook gesoek word in 'n siek omgewing waarin die Woord van God gebring word. Dit kan verder veroorsaak word deur die verskynsel dat die Woord in 'n gereduseerde vorm gebring word in 'n sieklike poging van kerklike ampsdraers om aanvaarbaar te word in die oë van hulle wat weens 'n siek persoonlikheid hulle eie innerlike konflikte op die Kerk wil projekteer.

Om 'n enkele oorsaak dus te wil uitsonder is sinloos, want weens die baie en groot verskille tussen persone en situasies mag daar talle oorsake wees, of dieselfde oorsaak mag by elke persoon op 'n ander wyse gemanifesteer word. Tog sal dit miskien moontlik wees om algemene tendense vas te stel.

Uit bostaande word dit duidelik dat die oorsake van die probleem nie so maklik vas te stel is nie. Dit verg inderdaad noukeurige en eerlike navorsing. Die navorser sal uit die aard van die saak op die gebied van die teologie beland sowel as op die gebied van die sosiologie, maatskaplike werk en psigologie, om slegs die vernaamste terreine te noem. Tog sal dit die teoloog moet wees wat uiteindelik die reuse-aandeel moet neem in die navorsing na die oorsake van buitekerklikheid en kerkvervreemding, maar dan met inagneming en gebruikmaking van die kennis en bydraes van die ander dissiplines as hulpwetenskappe, veral van die psigologie.

DIE HANTERING VAN DIE PROBLEEM

Indien getalle as maatstaf geneem kan word, kan die Kerk nie die oë sluit vir die noodsaak om daadwerklike aandag aan hierdie probleem te gee nie. Getalle alleen behoort egter nie die dryfkrag te wees nie, want ook kragtens die apostoliese opdrag van die Kerk is die Kerk geroepe om die vreemdeling en die afgedwaalde op te soek. Gevolglik mag die Kerk nooit die Kains-houding inneem van „is ek dan my broer se wagter" nie; ook nie die houding van die fariseër wat die afgedwaaldes beskou as „die volk wat die wet nie ken nie", maar wel die houding van Christus wat die 99 skape laat staan en die een soekgeraakte gaan soek het totdat Hy hom gevind het met die verduideliking daarby: „Ek sê vir julle dat daar net soveel blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie". (Luk. 15:7). Of die getal dus groot of klein is, vir die Kerk is daar geen ander alternatief as om uitvoering te gee aan die opdrag: „Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word". (Lk. 14:23).

Hieruit word die verdere vraag egter gebore naamlik: Hoe moet dit gedoen word? Waarmee moet daar deur die Kerk uitgegaan word? Op hierdie vraag is daar vir die Kerk net een primêre antwoord, naamlik: Met die Woord van God. 'n Beter antwoord is daar seer sekerlik nie. Dog dan moet daar in gedagte gehou word dat dit die primêre antwoord is en dat daar uit die primêre antwoord sekondêre antwoorde voortvloei. Dit is juis hierdie sekondêre antwoorde wat spanning en konflik met die gevolglike frustrasie in die uitvoering van die taak meebring. Heel tereg noem Overduin (1958, p. 10) dit spanninge waarin die werk onder buitekerklikes te staan kom. Hieronder val die volgende:

### (a) **Wie moet die werk verrig?**

Hierdie vraag bring spanning mee tussen die besondere en die algemene ampsverrigting. Ongelukkig is daar 'n neiging om hier in uiterstes te verval deur of die een of die ander amp te verheerlik in die uitvoering van die evangelisasietaak.

Daar word eendersyds beweer dat die offisiële of besondere ampsdraers van die Kerk evangelisasiewerk doen omdat dit hulle broodwinning is. Hulle word derhalwe nie daartoe gemotiveer en daarin gestimuleer deur 'n innerlike geloofsoortuiging en liefde vir die saak van die Meester nie. Die onbesoldigde lidmaat van

die Kerk, of die algemene amp, aan die anderkant, doen dit uit die liefde van sy hart.

Verder word in die onguns van die besondere amp geredeneer dat die besondere ampsdraer van die Kerk, vir die buitekerklike die verteenwoordiger van die Kerk is. Aangesien hy dit juis teen die Kerk het, is hy reeds vooraf teenoor die offisiële ampsdraer van die Kerk bevooroordeeld. Die moontlikheid van kontak verminder daardeur tot nul.

Dit is egter ondenkbaar dat in die benadering en die hantering van die buitekerklike en kerkvervreemde een van die ampte moet verdwyn, want hulle is nie daar ter uitsluiting van mekaar nie, dog wel ter aanvulling van mekaar. Indien die besondere amp in hierdie taak sou verdwyn, en die buitekerklike deur die algemene amp miskien weer teruggebring word, beteken dit dat die besondere amp nooit weer deur die buitekerklikes in die kerk geduld sal word nie.

Die aangewese weg sou egter wees dat die offisiële ampsdraer van die kerk versigtig moet wees met die uitvoering van sy amp. Hy moet daarteen waak om nie geheel-en-al te gaan skuil agter sy amp sodat sy eie menswees daardeur verdwyn nie. Op die wyse kan hy as 'n smetlose engel in die oë van die buitekerklike ontpop.

Dit bring natuurlik die gevaar mee om naamlik te veel op die ander uiterste te wil beweeg. Die ampsdraer word geneig om te veel van die mens te vertoon en te vergeet dat hy die draer is van 'n besondere Boodskap wat suiwer en ongeskonde gebring moet word.

Dit beteken verder nie dat die gewone lidmaat nou onthef moet word van die verantwoordelikheid wat die priesterskap van die gelowige meebring nie. Ook hy moet in samewerking met die offisiële ampsdraers (besondere amp) doen wat sy hand vind om te doen, wanneer die geleentheid vir die evangelisasie sig voordoen. Hy moet tewens ook toegerus word deur die besondere ampsdraer vir sy dienswerk. Eweneens moet die lidmaat ook nie sy algemene amp gaan probeer verdoesel voor die buitekerklikes nie. Die besondere sowel as die algemene ampsdraer moet in diepe ootmoed voor God, maar ook bewus van hulle amp (dienswerk) aan hulle deur God opgedra, die buitekerklike ontmoet. Dit is onverskrokke eerlikheid wat alleen maar deur die buitekerklike waardeer kan word.

(b) **Bewaring of Vermeerdering van die Kerk.**

In die Kerk is daar hoofsaaklik twee gedagterigtings t.o.v. hierdie spanningsveroorsakende vraag. Die eerste is dat die Kerk eerder na binne moet werk. Deur opvoeding en bewaring van wat reeds besit word, kan voorkomingswerk verrig word.

Aan die ander kant is daar die gedagte om meer na buite te werk en die wat vervreemd is van die Kerk of nog nooit daartoe behoort het nie, na die Kerk te bring. Daardeur word die getalle van die Kerk vermeerder.

Dit is nie moeilik om in te sien dat elke groep reg aan eie kant het nie. Tog opponeer hulle mekaar gewoonlik in die evangelisasiewerk in die sin dat elke groep op 'n eensydige wyse net aan sy sienswyse reg wil laat geskied. Wanneer daar verdeeldheid kom oor prinsipiële sienswyses wat elk 'n reg van bestaan het, word die Kerk innerlik verswak.

Die twee sienswyses sluit mekaar nie uit nie, dog vul mekaar aan. Dit kom trouens nie aan op bewaring **of** vermeerdering nie, dog op bewaring **en** vermeerdering. Beide standpunte lê immers op een lyn en derhalwe is die een onmoontlik sonder die ander. Heel tereg konkludeer Overduin (1958, p. 27): „Er is een zegenrijke wisselwerking tussen het bewaren en vermeerderen. Een Kerk die evangeliserende kerk is, word daaroor reeds versterkt in geloof, hoop en liefde. Een egoistische kerk, die alleen denkt aan eigen heil, wordt een prooi van de duivel. Hoe meer de tijd in dienst van God en de naaste wordt gebruikt, des te minder gelegenheid heeft de duivel om zijn activiteiten in ons te volbrengen".

(c) **Woord of Daad Verkondiging**

Die klag van die buitekerklike is dat die Kerk slegs by woorde bly, net ideale voorhou en beloftes maak, dog nooit tot die daad oorgaan om die ideale en beloftes te verwesenlik nie. Gevolglik word die Kerk, wat in eerste instansie draer is van die Woord van God, uitgedaag tot die daad.

Ook hier is die gevaar weer groot om in gevaarlike uiterstes te verval. Eendersyds kan gepoog word om Christus enkel en alleen aan die wêreld te verkondig vanaf die kansel, dit wil sê deur middel van die prediking. Andersyds kan daar op 'n oordrewe wyse gepoog word om deur middel van die christelike houding en goeie dade die buitekerklike te trek, maar dan met verwaarlosing van die suiwere Woordverkondiging. In sy uiterste konsekwensie is dit die sogenaamde „social gospel" wat vir die christengelowige onaanvaarbaar is.

Tog kan die daadverkondiging nie heeltemal buite rekening gelaat word nie. Dit is die aangewese weg om dit in die sin van die Heidelbergse Kategismus te sien, naamlik dat goeie werke as daadverkondiging verwerp word wanneer dit die karakter dra van verdienste en menslike vermoë (Heidelbergse Kategismus, Sondag 23 en 24) dog dat die noodsaaklikheid van goeie werke gehandhaaf word wanneer dit in die teken staan van dankbaarheid en as vrug van 'n opregte geloof (Heidelbergse Kategismus, Sondag 32).

Hoe pragtig die „social gospel" water gooi op die meul van die buitekerklike, blyk uit die woorde van Overduin (a.w. p. 13) dat die sedelike, sosiale en kulturele aspekte van die Evangelie en die Kerk geen ergenis en verset by die buitekerklike opwek nie. Hy kan selfs die Bergrede aanvaar omdat hy meen om daarin 'n verhumanisering van die Evangelie te vind. Wat egter vir die buitekerklike onaanvaarbaar is, is dat die Boodskap van die Evangelie daarop neerkom dat die mens niks vir God gedoen het nie, maar dat God in Christus alles vir die mens gedoen het.

Aan die anderkant moet die Kerk waak om nie die suiwere Woord van God onoordeelkundig te gaan verkondig nie. Die Kerk moet egter bedag wees op 'n fyn balans tussen woordverkondiging en daadverkondiging — eintlik in terme daarvan dat die christelike daad altyd voortvloei uit die regte woordverkondiging wat daaraan voorafgaan en ook altyd voorrang moet geniet. Die woordverkondiging is die verkondiging of die bekendmaking van die Woord van God en die gelowige daad is dan die menslike antwoord daarop.

(d) **Aanpassingsvermoë in die Hantering van die Buitekerklike**

Sonder twyfel moet die buitekerklike met die Woord van God gekonfronteer word. Dog hierdie konfrontasie kan menslikerwys gesproke nie plaasvind as daar nie eers 'n ontmoeting kom tussen die draer van die Woord en die ontvanger van die Woord nie. Om hierdie noodsaaklike ontmoeting te bewerkstellig moet die draer van die Goddelike Boodskap instaat wees om sy veld te verken sodat hy sy boodskap op die regte plek, tyd en wyse kan bring.

Dit bring mee dat die boodskapper deeglike kennis moet besit van die boodskap wat hy moet bring; van die aard en wese van die ontvanger van die boodskap; van die omstandighede waaronder die boodskap gebring moet word; van homself, sy eie moontlikhede en beperkings. Verder moet daar lief-

de, gehoorsaamheid en trou by die boodskapper wees teenoor sy Opdraggewer — dit alles word saamgevat met die woord: geloof.

Op die vraag wie die kerkvervreemde en die buitekerklike is, kan daar maar net op gewys word dat hulle in alle lae van die bevolking aangetref word en nie net onder die verbitterdes in die agterbuurtes en in die onderwêreld nie. Ook die ryk en gesiene mense in die spogbuurtes kan tot hierdie kategorie gereken word. Nie net intellektueel swak bedeeldes nie, dog ook hoogs begaafde mense mag hulle onder die buitekerklikes bevind. Wie dus die buitekerklike benader, sal ongetwyfeld te kampe kry met diep denkers en voortreflike redenaars. Onder die buitekerklikes word weliseaar ook mense aangetref wat psigies afwykend is, dog ook diegene met hoogs geïntegreerde persoonlikhede. Dit is ook nie te sê dat die buitekerklike noodwendig 'n ongelowige moet wees nie.

Word daar gelet op die tydsomstandighede waarin die buitekerklike benader moet word, is dit duidelik dat dit die moderne tyd is waarin verlede, hede en toekoms steeds 'n vername rol speel. In die verlede is onder andere die Tweede Wêrldoorlog met sy namelose ellende en leed. In die hede gryns die groot moondhede mekaar aan en word daar terwille van materiële gewin deur die beskaafde nasies gewedywer om die guns van die barbaar. Op kerklike gebied is daar verdeeldheid en is dieselfde gelykmakingsproses aan die gang as op staatkundige gebied. Dit alles werk mee tot fatalisme. Te midde van dit alles kan daar soms bedenkinge geopper word met betrekking tot die doelgerigtheid en die effektiwiteit van die kerklik-godsdienstige waardes by die jeug sowel as die volwassene. Die toekoms is derhalwe vir die fatalistiese en verwarde arme persoon 'n weg na nêrens.

Die groot vraag is nou: Hoe moet hierdie mens in hierdie tydsomstandighede met die Woord van God gekonfronteer word? Dit is vanselfsprekend dat hy met oorleg en verstand benader sal moet word. In die benadering moet 'n groot mate van rekbaarheid en plooibaarheid aan die dag gelê word. Dog daar moet ten strengste gewaak word om in die aanpassing nie die ergerniselement uit die Evangelie weg te neem om dit op die wyse dan populêr en aanvaarbaar te probeer maak vir die buitekerklike nie. Verder moet daar gewaak word om dit nie te probeer diensbaar maak aan 'n vakwetenskap soos filosofie, die psigologie, die sosiologie of selfs die dogmatiek en

die christelike etiek nie. Die Evangelie is en bly Gods Woord waarin die afhanklikheid van die mens verklaar word, maar waarin terselfdertyd Gods genadige bemoeienis met hierdie hulpelose mense geïllustreer word.

Tog moet daar rekening gehou word met die kulturele, maatskaplike en sosiologiese omstandighede van die mens aan wie die Evangelie verkondig word. Waar hierdie rekening hou moet ophou, moet deur die draer van die Evangelie self onderskei word. En dan moet hy die suiwere Evangelie van Jesus op so 'n wyse bring dat dit deur die ander persoon verstaan sal word en nie afkeer by hom opwek nie.

By die buitekerklike moet daar altyd van die standpunt uitgegaan word dat hy die Kerk nie sien en verstaan soos die predikant dit doen nie. Vir hom is die Kerk heel moontlik maar net 'n gewone menslike instelling wat tot stand gebring is deur menslike inisiatief. Die feit dat die Kerk sig ook besig hou met hom, sien hy in die lig daarvan dat die Kerk begaan is oor sy bydrae. Vir die predikant aan die anderkant, is die Kerk 'n instelling van God. Gaan die predikant nou sommer van die standpunt uit dat die buitekerklike se kerkbegrip ipso facto dieselfde moet wees as syne, vind daar 'n kortsluiting plaas en kan daar uit die aard van die saak nooit 'n kontak tot stand kom nie. Eers moet die kontakmoontlikheid bewerkstellig word alvorens daar sprake kan wees van opvoedings- en oortuigingswerk.

In die benadering van die buitekerklike en die kerkvervreemde moet daar verder in gedagte gehou word dat dit miskien nie altyd moontlik of raadsaam sal wees om die volle boodskap dadelik af te lewer nie, omdat die buitekerklike weens 'n gebrek aan prinsipiële kennis nog nie in staat is tot die assimilasie van die volle boodskap nie. As iemand nog nie die a.b.c. geleer het nie, kan daar tog nie verwag word dat hy moet lees nie. Daarom is dit verkeerd om te verwag dat die buitekerklike sommer na die eerste ontmoeting en na die eerste gesprek dadelik tot 'n algehele ommekeer moet kom. Hierdie verandering van gesindheid vind nie oornag plaas nie, maar dit berus op 'n langdurige proses van denke en insig, waarby die werking van die Heilige Gees nie uitgesluit is nie, maar wat vir die menslike oog ook nie waarneembaar is nie en waaroor die mens buitendien niks te sê het nie. Dit bring mee dat die persoon eers voorberei moet word deur gesprekke ensovoorts vir die aflewering van die Boodskap, of vir dele daarvan.

Onteenseglik is dit waar dat die draer van die Goddelike Boodskap self onwrikbaar moet glo in die waarheid en die waarde van sy Boodskap. Dit moet van hom uitstraal deur sy handel en wandel, anders sal hy die ander persoon nie kan oortuig van die noodsaaklikheid om na die Boodskap te luister en dit te aanvaar met sy hart en sy siel nie. Dit bring mee dat die boodskapper die ander persoon moet laat verstaan dat hy die blye Boodskap bring terwille van hom, terwille daarvan dat hy ook 'n skepsel en verloste van God in Jesus Christus is, en nie omdat die Kerk oor hom besorg is nie. Daar moet steeds onthou word dat hy die Kerk anders sien en in reaksie teen die Kerk is.

Die probleem van aanpassing sonder om die Evangelie te reduseer, bring mee dat die verkondiger van die Woord aan sekere vereistes moet beantwoord soos onder andere 'n oortuigde persoonlike geloof, eerlikheid, kennis, 'n sin vir humor, takt, mensekennis, die vermoë om te kan luister ensovoorts.

S. J. Prins.

Universiteit van Suid-Afrika,
Pretoria.

**LITERATUURLYS :**

1. Alheit, W. A.: 1956, Evangelisasie, Die Kerkbode, 9 November 1955, p. 672 - 673.
2. Carstens, C. F. K.: 1961, Sal ons die kerkvervreemde kan terugwin? **Die Kerkbode,** p. 436.
3. De Wet, J. I.: 1961, Die Kerklike Verkondiging in die Huidige Tydsgewrig. Ongepubliseerde D.D.-Proefskrif, U.P. Pretoria.
4. Dreyer, A. J. G.: 1964, Kerklike reorganisasie, **Die Hervormer,** Maart 1964, p. 21.
5. Kommissie Rapport: 1965 Toenemende verflouing van Kerkbesef, **Die Kerkblad,** 7 November 1956, p. 7.
6. Notule: Vier-en-vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1964, Pretoria.
7. Overduin, J.: Tact en Contact.
8. Smuts, M. J.: 1956, Kerkbesoek in Pretoria, **Die Kerkbode,** 4 April 1956, p. 599 - 600.